

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Om God te dien! Vorm en inhoud of inhoud sonder vorm?

Skriflesing: Markus 7:1-23 (1953)

¹ EN die Fariseërs en sommige van die skrifgeleerdes wat van Jerusalem gekom het, het by Hom saamgekom;

² en toe hulle sommige van sy dissipels met onrein, dit is met ongewaste, hande sien brood eet, het hulle dit afgekeur.

³ Want die Fariseërs en al die Jode eet nie as hulle nie deeglik die hande gewas het nie, omdat hulle vashou aan die oorlewering van die ou mense.

⁴ En wanneer hulle van die mark kom, eet hulle nie as hulle nie gewas het nie; en baie ander dinge is daar wat hulle aangeneem het om te onderhou: die wassery van bekers en kanne en kopergoed en bedde.

⁵ Daarop stel die Fariseërs en die skrifgeleerdes Hom die vraag: Waarom wandel u dissipels nie ooreenkomstig die oorlewering van die ou mense nie, maar eet brood met ongewaste hande?

⁶ En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.

⁷ Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooi van mense is.

⁸ Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: die wassery van kanne en bekers, en ander dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.

⁹ En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou.

¹⁰ Want Moses het gesê: Eer jou vader en jou moeder; en: Hy wat vader of moeder vloek, moet sekerlik sterwe.

¹¹ Maar julle sê: As 'n mens aan vader of moeder sê: Enige voordeel wat u van my mag geniet, is korban, dit is 'n offergawe —

¹² dan laat julle hom nie meer toe om iets vir sy vader of sy moeder te doen nie.

¹³ So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.

¹⁴ En Hy het die hele skare na Hom geroep en vir hulle gesê: Luister almal na My en verstaan.

¹⁵ Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dít is die dinge wat die mens onrein maak.

¹⁶ As iemand ore het om te hoor, laat hom hoor!

¹⁷ En toe Hy van die skare af in 'n huis gekom het, vra sy dissipels Hom oor die gelykenis.

¹⁸ En Hy sê vir hulle: Is julle ook so sonder verstand? Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie,

¹⁹ omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein?

²⁰ En Hy sê: Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein.

²¹ Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord,

²² diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid.

²³ Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein.

Broodjies vir die pad

Herr! gieb Uns blöde Augen
für Dinge, die nichts taugen
und Augen voller Klarheit
in alle Deine Wahrheit.

Lord! Give us weak eyes
for things that do not matter
and eyes full of clarity
in all your truth.

Søren Kierkegaard



'n Haka vir waardes

Jeanette de Klerk-Luttig

Sterk waardes is onderliggend aan die All Blacks se sukses oor die rugbyveld. Jeanette de Klerk-Luttig sê in dié span se wenstrategie is 'n paar belangrike wenke te kry oor hoe Suid-Afrika 'n suksesvoller land kan wees.

Die All Blacks het 'n geheime wapen, en as lojale Bok-ondersteuner is ek diep bekommerd daaroor, want die wapen maak van hulle een van die sterkste sportspanne tot nog toe.

Die storie van dié suksesvolle rugbyspan is fassinerend. In die loop van 100 jaar het die All Blacks 75% van hul wedstryde gewen, en toe het hulle begin uitrafel. In 2004 was hulle laaste in die Drienasiesreeks. Die spelers was ongedisiplineerd, die moreel was laag en die kultuur vrot. Die destydse kaptein, Tana Umaga, het gedreig om te bedank, en die nuwe bestuur onder Graham Henry moes die span weer opbou.

Die proses was egter só suksesvol dat hulle tussen 2004 en 2011 hul wenrekord verder verbeter het, wat hulle een van die suksesvolste sportspanne tot nog toe maak.

Wat is die geheime wapen agter hul sukses? Hulle het 'n nuwe motto gekies, 'n eenvoudige, kort stelling: "Beter mense maak beter All Blacks."

In Suid-Afrika het Franco Smith, die Shimla-afriqter van 2015, dié idee herhaal toe hy gesê het: “Dit gaan nie net om rugby nie; ek glo goeie mense maak goeie spelers.”

Van binne na buite

Die strategie wat logies uit die motto volg en wat die All Blacks se wenstrategie geword het, is die ontwikkeling van die persoonlike leierskap en karakter van ál die spelers van die veld af, sodat daar groter sukses óp die veld sal wees. Dit is dus ’n van-binne-na-buite-benadering wat goed opgesom word in dié woorde van die oudkaptein Jock Hobbs: “Staan elke dag op en wees die beste jy wat jy kan wees.”

Hul geheime wapen is dus niks anders nie as die ontwikkeling van sterk karakter wat individuele integriteit, verantwoordbaarheid en dissipline insluit. Sowel op as weg van die veld word van hulle verwag om met selfdissipline, verantwoordelikheid en integriteit op te tree.

Persoonlike verantwoordbaarheid en gedeelde eienaarskap is ingebed in die span se wenkultuur. Selfs borge wat hulle aan onetiese praktyke skuldig maak, is eenvoudig uitgeskakel.

Die All Blacks weet dat ’n groep baie talentvolle individue nie suksesvol kan wees sonder persoonlike dissipline nie. Gebrekkige dissipline veroorsaak nie alleen dat strafskoppe afgestaan word nie, maar is ook sleg vir die span se moreel.

Niemand is byvoorbeeld ooit laat vir ’n oefening nie, want hulle stel hul horlosies tien minute vorentoe.

Karakter tel meer as talent

Omdat karakter swaarder weeg as talent by die keuse van die span, is daar van Nieu-Seeland se talentvolste spelers wat weens karaktergebreke nooit die swart trui sal dra nie. As spelers nie 100 persent inkoop in die waardegedrewe kultuur van die span nie, sal hul insluiting nadelig vir die span wees. Dit gaan altyd om die span en nie om individuele spelers nie; daarom vervang hulle “ek” deur “ons”.

Ooreenkomstig Brad Thorn se mantra “kampioene doen ekstra” het die All Blacks konstant en doelgerig verbeter deur middel van oefensessies met ’n hoë intensiteit. Hulle oefen met dieselfde intensiteit as dié waarmee hulle wedstryde speel. Dit gee aanleiding tot nie alleen verhoogde spelpeil nie, maar ook versnelde persoonlike groei. Hulle glo daaraan om hul beste te gee en dan nog ’n bietjie meer. Dít ontwikkel nie net hul spel nie, maar ook hul determinasie, deurstellingsvermoë en grit.

Elkeen is ’n leier

Die All Blacks glo dat leiers ander leiers ontwikkel en dra daarom verantwoordelikheid aan die spelers oor. Wanneer hulle op die veld draf, bestaan die span uit ’n kaptein en 15 leiers. Hulle gee figuurlik die bal uit – “they pass the ball” – omdat eienaarskap, verantwoordbaarheid en vertroue deel van hul kernwaardes is en in hul spankultuur ingebed is. Enige speler kan enige tyd in die loop van ’n wedstryd besluit om met ’n beweging te begin.

Omdat hulle glo dit is onmoontlik om suksesvol te wees indien jou voete nie plat op die aarde is nie, is nederigheid een van hul kernwaardes. Nieteenstaande hul beroemdheid en status as rugbyhelde help almal met eenvoudige take wat gedoen moet word, soos om ná ’n wedstryd die kleedkamer op te ruim.

Daar is ’n fundamentele spirituele Maori-konsep genaamd whakapapa. Dit stel ’n ononderbroke ketting van mense voor wat by mekaar ingehaak is, van die heel begin tot aan die einde van die ewigheid. Dit beteken onder meer dat jy nie alleen almal wat voor jou gekom het verteenwoordig nie, maar ook die

verantwoordelikheid het om by te dra tot ’n beter erflating aan dié wat ná jou kom.

En vir ’n All Black beteken dít die verantwoordelikheid om die swart trui in ’n beter plek te laat vir jou opvolgers. Die span se kultuur, doel en kollektiewe identiteit word verder versterk en weerspieël deur hul nuwe haka, Kapa o Pango, wat ook ’n sleutelrol in hul sukses speel.

‘Whakapapa’ vir die land?

Die geheim is nie ingewikkeld nie: Beter mense maak nie alleen beter All Blacks nie, maar ook beter politici, prokureurs en polisie, beter ortopediese chirurge, onderwysers en ouers.

Wat kan gebeur indien alle ouers en onderwysers sterker fokus op die ontwikkeling van karakter by kinders as op hul prestasies? Wat sal die ekonomiese groeikoers wees indien integriteit, verantwoordbaarheid en selfdissipline voorvereistes word vir elke aanstelling op elke vlak? Wat sal die kredietgradering en die korrupsie-indeks wees van ’n land waarin mense soggens opstaan en probeer om die beste mens te wees wat hy of sy kan wees?

Wat sal gebeur indien almal die beginsel van whakapapa uitleef en, voordat besluite geneem word, dink aan die gevolge daarvan vir die volgende geslagte? As verantwoordelikheid geneem word om die wêreld ’n beter plek te laat? Watter voordele sal dit vir almal inhou indien mense mekaar as spanlede kan vertrou en daarom die bal uitgee? Hoe sterk en gesond sal gesinne, skole, sportspanne, maatskappye en gemeenskappe wees as integriteit, verantwoordbaarheid, hardwerkendheid en selfdissipline deel van hul kultuur word?

Die “geheime” wapen is geen geheim nie en kan ook ons land op ’n wenpad plaas: Beter mense maak beter Suid-Afrikaners.

Gaan jy deel van die span wees?

■ *Bron: Legacy deur James Kerr.*

■ *Jeanette de Klerk-Luttig is ’n opvoedkundige betrokke by die Kantoor vir Morele Leierskap aan die Universiteit Stellenbosch.*

<http://www.netwerk24.com/stemme/aktueel/2015-08-26-n-haka-vir-waardes>

Brood vir die pad

Dank

Ek bring aan jou die eerste vrugte van die land met ingehoue vreugde en met dankbaarheid: ’n mielikop, lemoen of roos op skurwe hand gedra as nuwe huldes van seisoen en tyd; jaarliks die eerste piesangros uit die vallei waar gramadoelas was, omdat ek nou nog voel sonder jou liefde is die graaf te swaar vir my en val die geil reëns van die berge sonder doel

D.J. Opperman